# 'n Bedsprei om te brei



**Die motief word met die hekelpen begin en dan slaan jy oor na brei. Baie van ons leseresse sukkel nog met die hekelpen en nou is dit jul kans om ook met so 'n pragtige bedsprei te spog**

deur HENRIETTE LOUW

## BENODIGDHEDE

94 balle in enige kleur Coats Chain Mercer-hekelgare nr. 10 (20 g); stel van 5 breinaalde nr. 12 met punte aan albei kante; aluminium hekelpen van 2,50 mm (nr. 12).

## AFMETINGS

2,06 x 2,6 m.
Grootte van motief: 15,8 cm.

## SPANNING

8 steke en 11 rye per 2,5 cm.

## TOETS JOU SPANNING

Toets jou spanning deur 'n vierkantige blokkie van 7,5 cm in koussteek (24 ste en 33 rye) met breipenne nr. 12 te brei. As jou breiwerk te los is (as daar te min ste per 2,5 cm is), gebruik dunner breipenne of as dit te styf is (as daar te veel ste per 2,5 cm is), gebruik dikker breipenne.

## AFKORTINGS

**Breiterme**

r — regs; aw — aweregs; st(e) — steek(e); herh — herhaal; tes — tesaam; gl — glip; tglso — trek glipsteek oor; gvt — garing vorentoe; grn — gare rondom naald; gon — garing op naald; vlg — volgende.

**Hekelterme**

ks — kettingsteek; kb — kortbeentjie; gls — glipsteek.

## OM TE MAAK

Gebruik hekelpen en begin met 5 ks. Las met gls om ring te vorm. Hekel 8 kb in ring, 1 gls in 1e kb. Plaas lus op naald, tel op en r 1 st van vlg kb, * met vlg naald tel op en r 1 st van elk van vlg 2 kb. Herh van * nog 2 keer (2 ste op elk van 4 naalde).

1e en alternatiewe Rondtes: r.

2e Rondte: * gvt, r 1. Herh van * tot einde.

Herh hierdie 2 rondtes nog 2 keer: 64 ste. Merk begin van rondte.

8e Rondte: * gvt, r 8. Herh van * tot einde: 72 ste.

10e Rondte: * gvt, r 1, gvt, r 6, r 2 tes. Herh van * tot einde: 80 ste.

12e Rondte: * gvt, r 3, gvt, r 5, r 2 tes. Herh van * tot einde: 88 ste.

14e Rondte: * gvt, gl 1, r 1, tglso, r 1, r 2 tes, gvt, r 4, r 2 tes. Herh van * tot einde: 80 ste.

16e Rondte: * gvt, r 1, gvt, gl 1, r 2 tes, tglso, gvt, r 1, gvt, r 3, r 2 tes. Herh van * tot einde: 88 ste.

18e Rondte: * gvt, r 3, gvt, r 1, gvt, r 3, gvt, r 2, r 2 tes. Herh van * tot einde: 112 ste.

20e Rondte: * gvt, gl 1, r 1, tglso, r 1, r 2 tes, gvt, r 1, gvt, gl 1, r 1, tglso, r 1, r 2 tes, gvt, r 1, r 2 tes. Herh van * tot einde: 104 ste.

22e Rondte: * gvt, r 1, gvt, gl 1, r 2 tes, tglso, gvt, r 3, gvt, gl 1, r 2 tes, tglso, gvt, r 1, gvt, r 2 tes. Herh van * tot einde: 112 ste.

24e Rondte: * gvt, r 3, gvt, r 1, gvt, gl 1, r 1, tglso, r 1, r 2 tes, gvt, r 1, gvt, r 3, gvt, r 1. Herh van * tot einde: 144 ste.

26e Rondte: * gvt, gl 1, r 1, tglso, r 1, r 2 tes, gvt, r 2, gvt, gl 1, r 2 tes, tglso, gvt, r 2, gvt, gl 1, r 1, tglso, r 1, r 2 tes, gvt, r 1. Herh van * tot einde: 144 ste.

28e Rondte: gvt, r 1, * gvt, gl 1, r 2 tes, tglso, gvt, r 4, gvt, r 1, gvt, r 4, gvt, gl 1, r 2 tes, tglso *, gvt, r 3. Herh van * tot * een keer, gvt, r 1, gvt, r 1. Herh van begin van rondte op elke naald: 168 ste.

30e Rondte: * grn, aw 41, gon, r 1. Herh van * tot einde: 176 ste.

32e Rondte: Soos 30e Rondte: 184 ste.

34e Rondte: * gvt, r 1 (gvt, r 2 tes) 22 keer, gvt, r 1. Herh van * tot einde: 192 ste.

36e Rondte: Soos 30e Rondte: 200 ste.

37e Rondte: r.

Draai werk en met verkeerde kant na jou toe heg eerste st regsgewys af, gvt, skuif st op regternaald oor gvt, heg regsgewys af tot 1 st op naald oorbly, gvt, skuif st op regternaald oor gvt, heg laaste st af. Brei ste op ander 3 naalde op dieselfde manier. Heg af.

Brei nog 220 motiewe op dieselfde manier.

## AFWERKING

Maak klam en speld elke motief tot regte grootte oop. Plaas motiewe in 17 rye van 13 elk en werk oorhands aanmekaar vas. Pars liggies aan verkeerde kant met warm strykyster. ●

